



SLAAGVEREISTES VIR GRAAD 8 & 9

- (1) Leerders in graad 8 en 9 sal bevorder word van graad tot graad indien hulle nege (9) vakke aangebied het.
- (2) Om bevorder te word moet 'n leerder voldoen aan die bevorderingsvereistes in aght (8) van die vakke, op voorwaarde dat die skoolgebaseerde assesseringskomponent van die negende vak afgehandel is.
- (3) Binne die aght (8) vakke moet die leerder aan vyf (5) bevorderingsvereistes voldoen, naamlik:
 - 3.1 Voldoende prestasie (vlak 4) (minimum 50%) in een taal op Huistaalvlak, naamlik Afrikaans. (Vak sal met 'n ROOI KLEUR omkring wees indien die leerder NIE aan die vereiste voldoen het nie)
 - 3.2 Matige prestasie (Vlak 3) (minimum 40%) in die tweede amptelike taal op Eerste Addisionele Taal vlak, naamlik Engels. (Vak sal met 'n ROOI KLEUR omkring wees indien die leerder NIE aan die vereiste voldoen het nie)
 - 3.3 Matige prestasie (Vlak 3) (minimum 40 %) in Wiskunde. (Vak sal met 'n ROOI KLEUR omkring wees indien die leerder NIE aan die vereiste voldoen het nie)
 - 3.4 Matige Prestasie (Vlak 3) (minimum 40 %) in enige drie (3) van die ander vereiste vakke. (Vakke sal met 'n ROOI KLEUR onderstreep wees as die leerder WEL aan die vereistes voldoen het.)
 - 3.5 Ten minste 'n Basiese Prestasie (vlak 2) (minimum 30 %) in enige twee (2) van die ander vereiste vakke. (Vakke sal met 'n ROOI KLEUR onderstreep wees as die leerder WEL aan die vereiste voldoen het.)
- (4) Die leerder word teruggehou indien hy/sy nie aan al die bogenoemde vereistes voldoen het nie.

NB: 'n Vak wat met ROOI PEN onderstreep is, beteken dat die leerder aan die vereistes vir slaag voldoen het.

NB: 'n Vak wat met ROOI PEN omkring is, beteken dat die leerder nie aan die vereistes vir slaag voldoen het nie.



SLAAGVEREISTES VIR GRAAD 10 & 11

- (1) Leerders in graad 10 & 11 sal bevorder word van graad tot graad indien hulle 7 (sewe) aangebied het.
- (2) Om bevorder te word moet 'n leerder voldoen aan die bevorderingsvereistes in ses (6) van die vakke, op voorwaarde dat die skoolgebaseerde assesseringskomponent van die sewende vak afgehandel is.
- (3) Binne die agt (7) vakke moet die leerder aan drie (3) bevorderingsvereistes voldoen, naamlik:
- 'n Minimum van 40 % (vlak 3) in Afrikaans behaal. (Die vak sal met 'n ROOI KLEUR omkring wees indien die leerder NIE aan die vereiste voldoen het nie);
 - Moet 'n minimum van 40% (vlak 3) in twee ander vakke bereik het. (Vakke sal met 'n ROOI KLEUR onderstreep wees as die leerder WEL aan die vereiste voldoen het);
 - Moet 'n minimum van 30% (vlak 2) in drie van hy/sy se ander vakke behaal het. (Die vakke sal met 'n ROOI KLEUR onderstreep wees as die leerder WEL aan die vereiste voldoen het).
- (4) 'n Leerder kan dus een vak dus druipe, met voorwaarde dat die skoolgebaseerde assesseringskomponent gedoen is.

NB: 'n Vak wat met ROOI PEN onderstreep is, beteken dat die leerder aan die vereistes vir slaag voldoen het.

NB: 'n Vak wat met ROOI PEN omkring is, beteken dat die leerder nie aan die vereistes vir slaag voldoen het nie.